

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal
19 November 1978

Onderwerp: Christendiens
Bevestiging van kerkraadslede

Lees: Nehemía 2 verse 1 tot 10

Teks: Nehemía 2 verse 1 tot 10

Sing: Gesang 6 verse 1 tot 3
Psalm 134 vers 4
Gesang 218 vers 3

“Broers en Susters, die brandoffer is die Ou Testamentiese voorstelling van algehele toewyding aan die diens van God. Dit het vier kenmerke gehad:

“Dit was ’n vrywillige offer.

“Dit was alles op die altaar.

“Dit was deur vuur verbrand.

“Dit was ’n lieflike geur voor die HERE.

“Ons wil van hierdie beginsels gebruik om die boodskap van ons teksgedeelte te illustreer, wat nie net op Nehemía van toepassing was nie, maar ook op elkeen van ons in ons diens aan die Koning van alle konings.

“Ek wil dit duidelik stel dat hierdie boodskap vanaand nie net gaan oor die geroepe ouderlinge en diakens wat hier in hulle besondere ampte bevestig sal word nie. Broers en Susters, dit gaan ook oor u en my. Ons is nie uitgesluit by hierdie verkondiging van die Woord nie. Dit lê swaar op my hart om vir u te sê dat elke kind van God die beginsels van Christelike diens in die teenwoordigheid van die HERE moet heroorweeg.

“Daar is drie gedagtes in ons teksgedeelte wat ek onder u aandag wil bring:

“Die las wat Nehemía gedra het.

“Die sekerheid dat hy gestuur was.

“En die toerusting wat hy ontvang het.

“Sedert Nehemía gehoor het van die vervalte toestand waarin Jerusalem verkeer het, tot die oomblik toe God vir hom die weg geopen het om tot aksie oor te gaan, het vier maande verloop. Vandat hy verneem het van die geweldige nood van sy mense, het die las daarvan swaar op sy gees gedruk. Hy het gevas, geween en gebid. Hy het hierdie las in die geheim gedra totdat die koning dit vier maande later

opgemerk het: ‘Waarom is jou aangesig so bedroef; jy is tog nie siek nie? Dit is niks anders as hartseer nie.’ (Neh 2:2)

“Alhoewel dit nie aangeteken is wat in daardie vier maande gebeur het nie, kan ons wel tussen die reëls lees. En een ding is seker, Nehemía het nie oorhaastig sy taak aangepak toe hy bewus geword het van sy mense se nood nie. Hy het geweet dat voordat hy in God se werk suksesvol kon wees, hy eers seker moes maak dat God hom tot hierdie taak geroep het. En dat hy daarna die guns van die koning moes wen.

“Nehemía het in daardie vier maande voortdurend die aangesig van die HERE gesoek om te vra dat hierdie las van sy hart en gees verwyder word; óf dat die HERE dit só sou verdiep dat dit onmoontlik sou wees om verder te gaan sonder om daarop te reageer. Hy het voortgegaan om voor God te vas en te ween, totdat God vir hom die deur geopen het.

“En hoe wonderlik het God nie onderneem nie. Hy het nie eens nodig gehad om die koning se guns te wen nie. Die koning het uit sy eie met hom kom praat. En só het die las, wat só swaar op sy hart gerus het, bekend geword. God self het die inisiatief in Nehemía se lewe oorgeneem.

“In hierdie geskiedenis lê ’n waardevolle beginsel, wat elkeen van ons moet begryp as ons vir die Meester wil werk. God kan alleen sy werk toevertrou aan diegene wat swaar belas is oor siele en verantwoordelik voel vir hulle. As hierdie sielelas ontbreek, kan daar nie met vrugbaarheid in God se wingerd gewerk word nie.

“As ’n mens oorweldig word deur nood en las, dan sê Jesus: ‘Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is’. (Matt 11:28) Hierdie besef van nood moet gevolg word deur ’n ernstige en voortdurende wag voor God. Niemand moet ooit self begin, voordat hy nie voor God seker gemaak het wat God se wil in sy lewe is nie. As dit gebeur, dan werk God. Dit is God se inisiatief om deure oop te maak en nooit ons s’n nie.

“As ons hierdie beginsel erken, dan sal ons werk as ouderling, diaken en gelowige sin en betekenis kry. Dan sal daar minder onwilligheid wees en minder misluktings. Dan sal ons gewillig wees om soos Dawid te sê: ‘... ek wil nie verniet aan die HERE my God brandoffers bring nie.’ (2 Sam 24:24) Dan sal geen prys te groot wees om te betaal nie.

“Pas dit toe met kerk-, wyk- en biduurbesoeke. Dan sal u weet hoe swaar die las van siele op u druk.

“Dit is maklik om verskonings te maak. Jy sal altyd verskonings kan vind. Die duiwel sal daarvoor sorg. Daar is maar net een plek waar ons die saak moet uitmaak en dit is voor die HERE wat ons geroep het.

“Maar Broers en Susters, Nehemía het nie net ’n gedra nie, maar daar was ook ’n seën wat hy begeer het: ‘As die koning dit goedvind en as u dienaar welgevallig is in u oë, **stuur my** dan na Juda, na die stad waar my vaders begrawe lê, dat ek dit kan opbou.’ (Neh 2:5) Nehemía wou die versekering hê dat hy gestuur was. Maar hy wou ook die versekering hê dat hy veilig sou wees en dat in al sy behoeftes voorsien sou word.

“Het Nehemía té veel gevra? Was dit nie ’n miskennis van sy geloof nie? Nee, hy het sekerlik nie te veel gevra nie. Hierdie versekering was absoluut noodsaaklik om die werk te volbring. Dit wat die koning alles vir hom gegee het en gedoen het wat hy beloof het, was vir Nehemía ’n geweldige bron van krag toe hy die mure van Jerusalem opgebou het; en toe hy te doen gekry het met toenemende teenstand. Die feit dat die goeie hand van God hom voorgegaan het, het hom gerusgestel vir al die dae en nagte wat voorgelê het.

“Broers, hierdie drie faktore is ook noodsaaklik in u en my lewens: gestuur, veilig en voorsien. Dit is van die grootste belang vir ’n vrugbare bediening.

“Die werk in God se wingerd is niks anders as die drang van die Heilige Gees in my lewe nie. Dit is Hy wat my die versekering gee dat ek gestuur is, dat ek veilig is en dat in elke behoefte voorsien sal word. Dit is alleen só ’n oortuiging wat my sal laat volhard in my taak. Ook wanneer die teenstand van die wêreld my tref.

“Om vir God ’n diens te verrig en nie die versekering te hê dat ek gestuur is, veilig is en dat in al my behoeftes voorsien sal word nie, grens inderdaad aan die ondraaglike.

“Wat is jou oorweging by die aanvaarding van die amp? Is dit eer, posisie en aansien vir eie gewin? Óf is dit terwille van Hom wat alles vir jou gedoen het? Dit sal bepaal of jy met vrug in God se diens sal staan, of nie.

“Broers, is u bereid om in die diens van u Meester te staan sonder die applous van die skare? En aan Hom te sê: Here Jesus, in hierdie taak soek ek net u eer en dat siele geseën moet word.

“Dit is die Heilige Gees wat my klein hou voor my Meester. Hy wat eer soek en bloot om erkenning en vir

eie belang werk, het sy rug gedraai op wat dit beteken om 'n dissipel van Jesus Christus te wees. Hy wat verering van die wêreld soek, om as 'n wonderlike man bestempel te word, het nie die genade van God nodig nie.

“Maar ek sê vir u dat die genade van God nodig is om God te dien deur 'n miskende lewe en sonder om deur iemand raakgesien te word. Dit was ook die voorbeeld wat Jesus gestel het; en wat Hy ervaar het toe sy dissipels Hom na drie jaar van intieme gemeenskap verlaat en gevlug het.

“Jesus het hulle egter deur middel van die Heilige Gees tot ommekeer gebring. Dit is hoekom Hy na sy opstanding op hulle geblaas en gesê het: ‘Soos die Vader my gestuur het, stuur Ek julle ook. En nadat Hy dit gesê het, blaas Hy *op hulle* en sê vir hulle: Ontvang die Heilige Gees.’ (Joh 20:21,22) Die dissipels moes eers aan die einde van hulself en hulle selfgenoegsaamheid gekom het, voordat hulle besef het dat as hulle ooit iets anders moes wees, dit deur 'n vernuwung van hulle gees moes wees.

“Die Heilige Gees moet besit van ons lewens hê. Is dit waar in jou lewe? Het ons sekerheid dat ons deur God gestuur is? Hierdie sekerheid sal jou staande hou wanneer die Tobíasse en Sanbállatte op jou toesak.

“Maar Nehemía wou ook seker wees dat hy veilig sou wees. Ons het sekerlik die reg om te vra dat die Meester ons in sy diens veilig sal bewaar. Maar dit is nie 'n waarborg vir fisiese veiligheid nie, want as die HERE dit vereis, moet ons gewillig wees om ons lewens vir Hom te gee. Maar ons is geregtig om in 'n geestelike sin veilig bewaar te word. Dit is goed om in God se bewaring te wees te midde van die versoekings en eensaamheid wat sal kom.

“Nehemía wou ook seker wees van voorrade. Maar Broers en Susters, om mure vir God op te bou, vra meer as voorrade. Dit vra geestelike versterking. Dit is nie ons bekwaamheid wat tel nie, maar die gesindheid waarin ons die werk doen.

“Daar sal teenstand wees. Gaan u terugdeins? Tobía en Sanbállat, die vyande van die werk, sal altyd daar wees. Dit is hulle wat begeer dat die werk in God se koninkryk skade lei. Satan is nie besorg oor die kerk nie. Ja, totdat hy sien dat daar 'n Christen is wat die werk doen sonder die soeke na eie belang en eer; en die duiwel vasberade beveg. Veroorsaak u arbeid bekommernis vir die duiwel?

“Ons leef in ’n tyd van massaproduksie, maar in die geestelike sin handel God met elke mens afsonderlik. God soek kwaliteit en nie kwantiteit nie. Wees getrou in u roeping.

“Wat ’n wonderlike dag sal dit wees as ons Meester ons in die Hemel verwelkom. Dan sal dit inderdaad die moeite werd wees. Dan sal ons verstaan dat die wonde wat ons hier ontvang het, die middele was om ons aan ons Meester gelykvormig te maak.

“Amen.”